higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 3

13 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Onwaar
1.1.2 Waar
1.1.3 Waar
1.1.4 Onwaar
1.1.5 Waar
1.1.6 Onwaar
1.1.7 Waar
1.1.8 Waar
1.1.9 Onwaar
1.1.10 Onwaar

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1 (a) Faksmasjien
(b) Skootrekenaar (2)

1.2.2 Faksmasjien:
- Afstuur en ontvangs van dokumente ─ vir ondertekende dokumente of dié wat ’n fisieke handtekening vereis
- Transmissie van vertroulike inligting ─ dit maak die inligting minder gevoelig vir kuberkrakery of onderskepping.
- Bevestiging van transaksies ─ om bestellings, aflewerings en ander transaksies met hul vennote of kliënte te bevestig

Skootrekenaar:
- Monitor besprekings en vereenvoudig dit ✓
- Vertoon produkte en dienste wat deur verskillende toerismeverskaffers aangebied word
- Vors reise aanlyn na, bespreek en bevestig dit
- Om kliëntekommunikasie en -navrae doeltreffend te bestuur

(Enige 2 × 2) (4)

1.2.3
- E-pos
- Kaartjiedrukkers
- Internet
- Zoom/Teams-vergaderings
- Kaart met magnetiese strook wat as sleutel gebruik word

(Enige 4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

1.2.4

Voordele	Nadele
Dit stel mense in staat om alles self te bespreek en maklik toegang tot inligting te verkry	Verhoogde risiko van kubermisdaad en kuberkrakery
Dit kan ’n veiliger, gemaklike en aangename reiservaring bied aan toeriste oor die wêreld heen.	Tegnologie in die toerismebedryf het tot werkloosheid gelei: baie mense het hul werk verloor om koste te besnoei en as gevolg van kliënte wat die internet gebruik.
Die gebruik van nuwe tegnologieë help dikwels om sakebedrywighede meer effektief te maak deur personeel toe te laat om hul werk terselfdertyd op verskeie maniere te verrig. Tyd en energie word nie vermors deur take herhaaldelik uit te voer nie.	Sommige kliënte is nie vertroud met baie van die webwerwe nie. Dit bemoeilik potensiële kliënte se pogings om dit op te spoor en genoeg te vertrou dat hulle gemaklik voel om dit te gebruik.
GPS-stelsels maak dit makliker vir mense om interessante plekke in hul nabyheid te vind.	Tegnologie kan alles vir diensverskaffers kompliseer. As gevolg van hierdie tegnologiese vooruitgang moet baie ondernemings hul stelsels en sagteware gereeld bywerk om mededingend te bly.
Nuwe tegnologieë help toerismeondernemings om op verskillende maniere te verbeter, wat tot die skepping van meer poste kan lei en meer werksgeleenthede vir plaaslike inwoners kan voorsien.	Besoekers is soms onbekend met die tegnologie wat by die bestemming gebruik word wat hulle besoek, byvoorbeeld om Android-selfone in plaas van iPhones te gebruik.
Buigsaamheid: dit is baie makliker om aanbiedinge op te spoor of alarms te stel om jou oor die beste vlug- en verblyfopsies te waarsku. So ook is dit makliker om inligting te bekom oor plekke om te besoek. As dit nodig sou wees om kaartjies te verander en besprekings te herskeduleer, is dit nie nodig om na die lugredery te gaan nie.	Privaatheidrisiko’s: deur ons persoonlike inligting te verskaf, soos identiteitsnommers, kredietkaartnommers, e-posadresse, ens, gee ons ook sekere privaatheidsregte prys. Ons stel die maatskappye met wie ons reisreëlings tref asook hul verwante maatskappye in staat om al ons inligting te ontvang, te berg en te gebruik.

(5 × 2) (10)

1.3 1.3.1 Kaapse Klopse Karnaval

1.3.2 Kaapstad

1.3.3 Nasionale Kunstefees

1.3.4 Afrika se grootste en kleurvolste kulturele geleentheid bied ’n keuse van die beste talent, sowel plaaslik as ingevoer, en sluit al die kunste, handwerk, musiek en dans in.

1.3.5 Phalaborwa

1.3.6 Die geleentheid is ’n viering van die maroelavrug, wat groot kulturele betekenis het en sterk bande met Afrikatradisie het.

1.3.7 Nasionale Kaasfees

1.3.8 Bienne Donne

1.3.9 Kenilworth

1.3.10 Suid-Afrika se mees gesogte perdewedren en die grootste jaarlikse buitelug- sosiale geleentheid in Kaapstad by die Kenilworth-renbaan. Een van die groot attraksies is die skouspelagtige modes wat gedurende hierdie geleentheid te sien is.

(10 × 1) (10)
[40]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 A
2.1.2 B
2.1.3 D
2.1.4 A
2.1.5 D
2.1.6 B
2.1.7 C
2.1.8 D
2.1.9 B
2.1.10 D

(10 × 1) (10)

2.2 2.2.1 Meer as vier miljoen toeriste (1)

2.2.2 Deur middel van verskeie toerismebemarkingstrategieë gaan Suid-Afrika voort om reisigers wêreldwyd uit te nooi om ons diverse landskappe, ryk kultuurerfenis, unieke natuurlewe en oop ruimtes te verken. (2)

2.2.3
- Dit kan lei tot ’n styging in buitelandse-valutaverdienste aangesien toeriste geld aan akkommodasie, voedsel, vervoer asook ander goedere en dienste bestee.
- Dit kan werksgeleenthede vir plaaslike inwoners in verskillende sektore skep, soos gasvryheid, vervoer, en kleinhandel.
- Dit kan belegging in infrastruktuurontwikkeling stimuleer, soos lughawens, paaie en hotelle.
- Dit bied ekonomiese geleenthede vir vroue en jeugdiges en ondersteun die ontwikkeling van KMMO’s deur die ontwikkeling van ondernemings. Dit lei tot ’n styging in die vraag na plaaslike produkte soos voedsel, aandenkings en handwerk.
- Verbeterde handelsmerkbeeld: Indien toeriste wat Suid-Afrika besoek ’n positiewe ervaring het, kan dit tot positiewe mondelinge reklame vir die land as ’n toeristebestemming lei. Dit kan help om die land se handelsmerkbeeld te verbeter en meer toeriste aanspoor om Suid-Afrika te besoek. (5 × 2) (10)

2.2.4
- ’n Land wie se ekonomie groei, het meer mense met geld – hulle kan meer bestee.
- Nuwe ondernemings word gevestig.
- Infrastruktuur sal verbeter.
- Geldeenheid is sterk. (Enige 2 × 1) (2)

2.2.5
- Die totale getal reisigers (aankomelinge en dié wat vertrek het) het tussen 2019 en 2020 afgeneem.
- Toerismeondernemings is negatief deur die pandemie geraak, omdat baie gaste hul besprekings gekanselleer het.
- Toeriste het weggeskram van vervoermodusse wat hoër waargenome risiko’s en blootstelling aan ander toeriste behels het ─ veral toerskepe, lugvervoer, asook sekere openbare bus- en spoorvervoer.
- Akkommodasieondernemings het stilgestaan, besienswaardighede was gesluit en lugrederye het bedrywighede gestaak. Baie ondernemings het nie die sluitings oorleef nie.
- Baie mense wat in die toerismesektor gewerk het, het hul werk verloor.

(5 × 2) (10)

2.2.6
A Politieke situasie
B Megasportgeleentheid
C Onvoorsiene voorval/pollitieke situasie
D Megasportgeleentheid
E Onvoorsiene voorval (5)

VRAAG 3

3.1 3.1.1 E
3.1.2 D
3.1.3 F
3.1.4 A
3.1.5 B
3.1.6 I
3.1.7 G
3.1.8 J
3.1.9 H
3.1.10 L

(10 × 1) (10)

3.2 3.2.1 UNESCO
3.2.2 Limpopo
3.2.3 Meteoriet
3.2.4 Richtersveld-kultuurlandskap
3.2.5 Politieke gevangenis

(5 × 1) (5)

3.1 3.1.1 Geldige bestuurderslisensie, ID (2)

3.3.2 A SCDW – omvattende botsingskade-kwytskelding
Die aankoop van omvattende botsingskade-kwytskelding sal die volle bybetaling dek, mits die kliënt nie die toepaslike voorwaardes verbreek het nie.

B STLW – omvattende diefstalverlies-kwytskelding
Dit dek 100% van die bybetaling betaalbaar.

C PAI – persoonlike ongeluksversekering
Hierdie versekering dek dood, besering of permanente ongeskiktheid tot 'n maksimum bedrag wat in die huurooreenkoms gestipuleer word.

(3 × 2) (6)

3.3.3 'n Bybetaling is 'n ooreengekome bedrag geld waarvoor die kliënt aanspreeklik is ingeval 'n motorversekeringseis besleg word; bedrag wat jy self betaal wanneer jy 'n versekeringseis indien. (2)

3.3.4 (a) 0.05g/100 ml bloed 0,005% (2)

(b)
- Die snelheidsgrens op nasionale paaie is 120 km per uur, tensy anders aangedui.
- Op sekondêre paaie is dit normaalweg 80 km per uur.
- In beboude gebiede is dit 60 km per uur.
- Op sekere plekke geld 'n beperking van 40 km per uur of minder, bv in nasionale parke.
- Snelheidsgrense word by padwerk aangedui.

(Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

3.4
- Wees bewus van jou omgewing: Bly waaksaam wanneer jy in onbekende gebiede kom.
- Vermy dit om laat in die nag of vroegoggend te ry wanneer die paaie stil is.
- Bestuur in die middelbaan en weg van voetgangers, indien moontlik. Indien moontlik, moet nooit alleen bestuur nie.
- Moet nooit rylopers of vreemdelinge oplaai nie.
- Kyk in jou truspieël om seker te maak jy word nie gevolg nie.
- Wanneer jy uit jou voertuig klim, wees versigtig en bewus van jou omgewing ─ obstruksies en struike kan ’n kaper versteek.
- Moet nooit in jou geparkeerde voertuig sit sonder om na jou omgewing op te let nie. Dit is uiters gevaarlik om in ’n stilstaande voertuig te slaap. (Enige 5 × 1) (10)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 ’n Alleenhandelaar is ’n tipe onderneming wat deur enkele persoon besit en bedryf word. Daar is geen regsonderskeid tussen die eienaar en die onderneming nie. Hierdie individuele alleenhandelaar is verantwoordelik vir alle aspekte van die onderneming, insluitend besluitneming, bestuur van finansies, en om aanspreeklikheid vir enige skulde of regskwessies te aanvaar. (2)

4.1.2
- Maklik en kostedoeltreffend om te vestig
- Eenvoudige sakestruktuur wat maklik is om te bestuur
- Eienaar van onderneming bly in beheer.
- Eienaar van onderneming is geregtig op alle winste.
- Volkome eienaarskap, beheer en bestuur van die onderneming
- Geen verdeling van winste nie (dit geld egter ook vir enige skuld)
- Volledige beheer en groter buigsaamheid
- Lae registrasie- en aanvangskoste (Enige 5 × 2) (10)

4.1.3

Verskilpunt	Alleenhandelaar	Vennootskap
Aantal lede	Dit behoort slegs aan een persoon.	Daar moet minstens twee lede wees. Maksimum aantal lede is 20.✓
Regsformaliteite	Geen regsformaliteite van toepassing om onderneming te vestig nie	Enkele regsformaliteite van toepassing om onderneming te vestig
Ooreenkoms	Geen ooreenkoms word vereis nie, omdat daar slegs een lid is.	Ooreenkoms of akte, hetsy skriftelik of mondeling, word vereis.
Kapitaal	Kapitaalvoorraad is beperk.	Meer kapitaal kan bekom word.
Besluite	Daar is geen vertraging in besluitneming nie.	Daar kan vertraging in besluitneming wees as gevolg van meningsverskille onder vennote.
Verspreiding van wins	Wins of verlies behoort aan die enkele eienaar.	Wins of verlies word onder die vennote verdeel.

(10)

4.2 (a) Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD) is ’n Suid-Afrikaanse wet wat die minimum diensbepalings en -voorwaardes vir alle werknemers in die land reël. Die WBD stipuleer die maksimum aantal ure wat ’n werknemer per week kan werk om ’n gesonde balans tussen werk en private lewe te verseker. Dit sit verder die voorwaardes uiteen waaronder oortyd vereis kan word en magtig geskikte vergoeding vir die ekstra ure.

(b) Die Wet op Diensbillikheid is ’n Suid-Afrikaanse wet wat ten doel het om gelykheid in die werksplek te bevorder en gelyke geleenthede vir alle werknemers te voorsien, ongeag hul ras, geslag, of ongeskiktheidstatus. Die wet vereis van werkgewers om proaktiewe maatreëls in te stel om onbillike diskriminasie uit te skakel en seker te maak dat hul arbeidsmag die land se demografie verteenwoordig.

(c) Wet op Arbeidsverhoudinge is ’n wet wat arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika reël. Dit het ten doel om uitvoering te gee aan artikel 27 van die Grondwet, wat die reg op billike arbeidspraktyke waarborg. Dit reguleer ook die organisatoriese regte van vakbonde, kollektiewe bedinging, stakings, uitsluitings, en werksplekforums. Die wet streef daarna om arbeidsvrede en demokrasie in die werksplek te bevorder en te fasiliteer.

Kopiereg voorbehou

(d) Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling is ’n Suid-Afrikaanse wet wat ten doel het om die vaardighede van die land se arbeidsmag te verbeter deur ’n institusionele raamwerk te voorsien om nasionale, sektor- en werksplekstrategieë te bedink en te implementeer. Die wet is ook voornemens om hierdie strategieë binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te integreer. Die wet maak voorsiening vir leerlingskappe wat tot erkende beroepskwalifikasies lei, werkverskaffingsdienste reël, en voorsiening maak vir sake wat daarmee verband hou. Die wet maak ook voorsiening vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling deur middel van ’n heffingstoelaeskema en ’n Nasionale Vaardigheidsfonds.

4.3
- Blyderiviercanyon
- Sudwalagrotte
- Eggogrotte
- Bourke’s Luck-kolkgate
- Sabie- watervalroete: Hierdie roete bied skilderagtige uitsigte oor verskeie watervalle, insluitend Horseshoe-waterval, Lone Creek-waterval, Bruidsluierwaterval, Mac Mac-waterval en
- Berlin-waterval. (5)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Plaaslike geldeenheid is die geldeenheid wat die algemeenste in ’n land gebruik word. Dit is gewoonlik die nasionale geldeenheid. In Suid-Afrika is die plaaslike geldeenheid dus die Suid-Afrikaanse rand (ZAR).

5.1.2 ’n Buitelandse geldeenheid is ’n geldeenheid wat deur ’n buitelandse land as sy erkende vorm van monetêre uitruiling/wisseling erken word. Dit is die enigste vorm van uitruiling wat die toepaslike staat toelaat om binne sy grense vir aankope en verkope gebruik te word.

5.1.3 ’n Wisselkoers is die waarde van een geldeenheid uitgedruk in ’n ander geldeenheid. Dit is die koers waarteen een geldeenheid vir ’n ander geldeenheid geruil kan word.

(3 × 2) (6)

5.2 Die Amerikaanse dollar ─ VSA$ (1)

5.3
- Banke/Handelsbanke
- Reisagente
- Groot hotelle en toerskepe
- Kiosks by lughawens waar valuta verhandel word
- Bureaux de Change.
- Valutahandelaars (Enige 4 × 1) (4)

5.4.1 Inflasie verwys na die algemene styging in die prys van dienste en goedere in 'n land. Hierdie styging in pryse veroorsaak dan dat verbruikers minder koopkrag het, aangesien hul geld nie so baie sal kan koop as voorheen nie.
Voorbeelde van inflasie sluit in:
- Stygende pryse van goedere en dienste ✓
- Stygende koste van grondstowwe

5.4.2 Die styging in pryse veroorsaak dat reisverwante koste ook styg en toeriste se koopkrag verminder.
Die styging in pryse van reis oor die algemeen sal daartoe lei dat baie toeriste: hul reise verkort, goedkoper akkommodasie of bestemmings kies, minder reise onderneem, korter afstande aflê of per motor reis in plaas van om te vlieg. (4)

5.4.3
- Verhoog werkers se produktiwiteit deur middel van vaardigheidsopleiding
- Meganisasie en elektronika kan produktiwiteit verhoog.
- Laer rentekoerse en maatskappybelastings
- Om nuwe inkomstestrome te vind. Dit kan die aanbieding van nuwe produkte of dienste insluit. (Enige 3 × 2) (6)

5.4.4
- Wanneer rentekoerse styg, het mense met byvoorbeeld huis- en motorskuld minder geld om aan ander dinge te bestee.
- Reis word as 'n luukse beskou (mens het dit nie regtig nodig nie).
- Mense sal minder met vakansie gaan omdat hulle minder geld het om aan luukshede te bestee.
- Mense wat hul kredietkaart gebruik om vir vakansies te betaal, moet hoër rentekoerse aan die banke betaal. (Enige 2 × 2) (4)

5.4.5
- Toeriste se inkomste
- Petrolpryse
- Inflasie
- Indiensnemingsvlak
- Ekonomiese groei
- Produktiwiteit (Enige 3 × 1) (3)

5.5

	VRAAG	DORP/STAD	PROVINSIE
5.5.1	Old Mutual Twee Oseane- marathon	Kaapstad	Wes-Kaap ✓
5.5.2	Knysna se Oesterfees	Knysna✓	Wes-Kaap ✓
5.5.3	Oos-Randse Motorskou	Benoni✓	Gauteng
5.5.4	Standard Bank Joy of Jazz	Sandton Johannesburg✓	Gauteng
5.5.5	Grahamstadse Nasionale Kunstefees	Makhanda (Grahamstad)✓	Oos-Kaap ✓

(10)

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou